




NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA



WAARDESKEPPING MET 'n SORGSAMHEIDSETIEK

PROFIEL 2020/2021



# DIE GROTER PRENTJIE



Openbare  
hoërondwysin-  
stellings in SA

26

Omvattende  
universiteite

06

Konvensionele  
universiteite

14

Universiteite van  
tegnologie

06

**Noordwes-Universiteit (NWU)**

Een van die 14 konvensionele  
universiteite in SA



**Universiteite Suid-Afrika**

Beheerliggaam vir SA se  
hoërondwysinstansies

## Voorblad

### NeuHand gaan omwenteling teweegbring in rehabilitasie ná beroerte

Die prentjie op die voorblad is van die NeuHand, 'n rehabilitasiestelsel van die Fakulteit Ingenieurswese.

Hierdie innovasie illustreer ons tema, "Waardeskepping met 'n sorgsaamheidsetiek".

Een van die lewensveranderende gestremdhede as gevolg van 'n beroerte is handgestremtheid. Gelukkig kon die NeuHand-uitvinding, spesifiek ontwikkel vir handrehabilitasie in Suid-Afrikaanse toestande, nuwe hoop bring vir hierdie pasiënte.

# INHOUD

**02** Ons ontsluit die toekoms

**16** Ons maak 'n verskil vir ons bure

**03** Waar drome waar word

**18** Hoe groener, hoe beter

**04** Waar dit gebeur ...

**19** Innovasie vir die toekoms

**05** Wie laat dit gebeur?

**20** Hartklop van die NWU: ons fakulteite

**08** Kolskoot vir uitnemendheid: hier gaan ons!

**32** Kennis sonder grense

**09** 'n Akademiese keurspel

**33** Ons lewer goed afgeronde studente


**10** Kritieke vaardighede vir die land

**37** Gee verbeelding en voete vlerke

**14** Die wêreld is ons speeltoneel

Let asseblief daarop dat alle 2020-syfers voorlopig is, aangesien finale ouditering nog nie afgehandel was toe hierdie dokument saamgestel is nie.

# ONS ONTSLUIT DIE TOEKOMS



## Die gees van die universiteit

Ons weerspieël die diepste wese van die universiteit in die manier waarop ons die toekoms vir mense ontsluit en hulle in staat stel om hul drome waar te maak.

Dit is sigbaar in alles wat ons doen: of ons nou klasgee, navorsing doen, sport beoefen, die studentelewe woema gee, of 'n impak op ons gemeenskappe maak. Die "sleutels" wat ons gebruik om die toekoms vir ons mense te ontsluit, sluit die volgende in:

- ▶ Ons fokus op internasionalisering (p14-15)
- ▶ Ons fakulteite (p20-31)
- ▶ Ons uitsonderlike programme (p20-31)
- ▶ Ons entrepreneuriese leer (p20-31)
- ▶ Ons afstandslievermoë (p32)
- ▶ Ons uitnemendheid op sportgebied (p37-39)

## NWU-logo

Die kettingskakels simboliseer die eenheid van ons universiteit.



## Slagspreuk



## Ons digitale transformasie


Ons ontwikkel 'n digitale besigheidstrategie wat fokus op digitale transformasie vir die toekoms en die Vierde Nywerheidsrevolusie. Dit gaan oor hoe ons ontluikende tegnologie

benut om waarde toe te voeg tot die leerervaring en akademiese sukses van die NWU-student van die toekoms.

## Ons Covid-19-respons

Kundiges van verskeie fakulteite het deelgeneem aan die stryd teen die Covid-19-pandemie. Hul bydraes het gewissel van die ontwikkeling van 'n bekreunde siftingstoepassing vir skole tot die validering van 'n nuwe Covid-19-toets en voorspelling van die verloop van die virus in die Noordwesprovinsie.

Ons is vasbeslote om die akademiese jaar voort te sit en ons personeel en studente veilig te hou; daarom het ons met aanlyn en afstandsonderrig begin. Ons het kwalifiserende studente van skootrekenaars en datapakkette voorsien om seker te maak dat geen studente agterbly nie.



# WAAR DROME WAAR WORD



## 'n Verenigde instelling

Ons is daartoe verbind om 'n unitêre, geïntegreerde multikampusuniversiteit te wees wat billikheid, regstelling en globaal mededingende onderrig en navorsing oor alle kampusse moontlik maak.



## Ons strategieverklaring

Ons wil die NWU transformeer en posisioneer as 'n unitêre instansie van hoogstaande akademiese uitnemendheid, met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid.



## Ons droom


Om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek.



## Ons doelwit

Om uit te munt in innoverende leer en onderrig en baanbrekersnavorsing, om so die gemeenskap deur kennis te dien.

# WAAR DIT GEBEUR...



Ons kernaktiwiteite, onderrig-leer en navorsing is vervleg met gemeenskapsbetrokkenheid en innovasie in ons agt fakulteite waarvan die meeste vir kontak- én afstandstudente voorsiening maak.




## ... met die volgende in gedagte


Ons wil personeel en studente lewer wat betrokke is en waardes het wat gebaseer is op die grondwetlike beginsels van menswaardigheid, gelykheid en vryheid:

- ▶ Etiek in alle strewes
- ▶ Akademiese integriteit
- ▶ Akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing
- ▶ Verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, regverdigheid en deursigtigheid
- ▶ Entoesiasme oor diversiteit

# WIE LAAT DIT GEBEUR?




**Leiers wat voor loop**



## 'n Wenspan wat woeker

### Ras- en geslagsamestelling van NWU-personeel in \*2020



\*(2020-syfers nie finaal nie)

## Hoe ons mense bemagtig

Swart uitvoerende direkteure (as % van totale uitvoerende direkteure)	50%
Vroulike uitvoerende direkteure (as % van totale uitvoerende direkteure)	50%
Swart personeel (as % van totale personeel)	37%
Vroulike personeel (as % van totale personeel)	57%




## Baanbrekers wat na kennis streef

### Navorsingstelkaart


- ▶ 2 708,94 geweege navorsingsuitset-eenhede in 2018
- ▶ 1 438,281 totale artelekwivalente gepubliseer in 2018
- ▶ 215 postdoktorale genote in 2018

#### PhD's toegeken



Tussen 2015 en 2019 het die getal PhD's wat toegeken is met 41,4% toegeneem.

#### NNS-gegradeerde navorsers



Die getal NNS-gegradeerde navorsers het vanaf 189 in 2015 tot 248 in 2019 toegeneem.


### Ons ontwikkel navorsingskapasiteit

Om meer akademiese personelede aan te moedig om aansoek te doen vir gradering en om hul navorsingsuitset te verbeter, verskaf die NWU opleiding oor die skryf van opsommings en konferensiereferate, die skryf van artikels en beste praktyk met die opstel van navorsingsvraelyste.

### Ons werf nagraadse studente

Ons vergroot ook ons poel navorsingsvaardighede deur aktief meer meesters- en doktorsgraadstudente te werf. In 2019 het ons 1 338 internasionale nagraadse studente op ons kampusse gehad.

# KOLSKOOT VIR UITNEMENDHEID: HIER GAAN ONS!



## Ons taalbeleid is uniek

In ooreenstemming met ons meertalige beleid wil ons die akademiese status van die vernaamste Afrikatale van die streke waarbinne ons kampusse geleë is (Setswana en Sesotho) bevorder.

Darby handhaaf ons ook Engels en Afrikaans as ons huidige onderrigtaale.

Om hierdie meertalige doelwitte te bereik, gebruik ons alle taalhulpbronne wat tot die beskikking is van al ons personeel en studente wat wyd uiteenlopende taalvermoëns het.

Ons uiteindelijke doel is verbeterde onderrig-leer – iets wat ons sal bereik deur die studente-ervaring te verbeter. Dit sluit in dat

ons enige tale verwelkom wat studente na die universiteit toe bring.

In plaas van slegs een of twee onderrigmediums, het ons verskeie: enkelmedium (Engels, Afrikaans, Setswana en Sesotho), parallelmedium, dubbelmedium en opvoedkundige tolking.


Ons gebruik ook 'n verskeidenheid tegnieke om leer in 'n meertalige konteks te ondersteun, insluitende opvoedkundige tolking, vertaling en sogenaamde transtaling. Dit lei tot meertalige pedagogieë (onderrig-leer-benaderings).

Uiteindelik help dit ons studente om onderrig-leer-inhoud te bemeester, te internaliseer en weer te gee – in meer as een taal.



Ons droom is om 'n universiteit tot stand te bring waar almal welkom sal voel in hul eie taal, en dit sal kan gebruik om vryelik te onderrig, te leer en interaksie te hê.


# 'n AKADEMIESE KEURSPSEL



By die NWU kry studente veel meer as net 'n opvoeding: ons bied aan hulle 'n plek in die wêreld. Ons bied 'n groot verskeidenheid akademiese programme aan waaruit studente kan kies en keur. Dit help hulle om hul volle potensiaal te verwesenlik en hul loopbane te begin ontwikkel.

## Onderrig-leer-telkaart

Ons het ons studente-inskrywings, slaagsyfers en aantal toegekende kwalifikasies aansienlik verhoog sedert 2004, toe die NWU tot stand gebring is.




## Slaagsyfers en kwalifikasies toegeken van 2015 tot 2019


'n Uiteensetting van ons prestasie gedurende die afgelope vyf jaar bied 'n beter perspektief.

	2015	2016	2017	2018	2019
Voorgaadse slaagsyfer	85,1%	86,16%	85,08%	83,2%	83,8%
Graadverwerwingskoers	24,3%	27,62%	25,6%	25,1%	23,5%
Grade en diplomas toegeken	15 597	17 510	16 004	15 350	14 961
Meestersgrade toegeken	742	744	813	753	798
PhD's toegeken	222	238	235	248	314

# KRITIEKE VAARDIGHEDE VIR DIE LAND



Deur kontak- en/of afstandsonderrig en toepaslike onderrig-leer-tegnologieë bied ons 'n reeks kwalifikasies en akademiese programme aan wat op die ontwikkeling van skaars en strategiese vaardighede fokus.



## Onderwysers

Die Fakulteit Opvoedingswetenskappe lewer 'n belangrike bydrae om aan die land se behoefte aan gekwalifiseerde, professionele onderwysers te voldoen. Die fokus is op voorgraadse en nagraadse programme met spesialisering in skaars vaardighede, soos die wetenskappe, wiskunde en 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse tale.

Daar is 'n groot tekort in Suid-Afrika aan tegniese vaardighede in onderwys. Die fakulteit is een van 'n handjievol hoëronderriginstellings wat betrokke is by die opleiding van onderwysers in meganiese, siviele en elektriese tegnologie en in grafiese ontwerp vir ingenieurswese.

## Rekenmeesters

Ons is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat vier professionele rekeningkundegrade tot op honneursvlak aanbied. Dit is die BCom in forensiese rekeningkunde, geëkspertiseerde rekeningkunde, bestuursrekeningkunde en finansiële rekeningkunde.


NWU-studente vaar besonder goed in die eksamens van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geëkspertiseerde Rekenmeesters.

Ons bied ook meestersgrade in spesialisering soos rekeningkunde, forensiese rekeningkunde, belasting en bestuursrekeningkunde aan.



## Regskeners

Die Fakulteit Regte is bekend vir sy graduandi in internasionale handelsreg, omgewingsreg en volhoubare ontwikkeling – alles vakgebiede wat belangrik is vir 'n ontwikkelende land.



## Wiskundiges, statistici en natuurwetenskaplikes


Ons bied 'n aantal voor- en nagraadse kwalifikasies in die kritieke vakgebiede van wiskunde, statistiek en natuurwetenskappe aan. Wiskunde is die taal van wetenskap; dit is die grondslag van alle wetenskaplike vooruitgang en navorsing, en stel metodes daar vir die insameling en ontleding van en verslagdoening oor data.

'n Kwalifikasie in statistiek van die NWU maak deure oop. Die breë vakgebied van statistieke is deur die Departement van Wetenskap en Innovasie en die NRF tot 'n kwesbare kritiese wetenskap verklaar as gevolg van 'n ernstige tekort aan statistiese vaardighede in die privaat sektor en selfs in regeringsdepartemente soos Statistiek Suid-Afrika.

Ons bied ook grade in bedryfswiskunde en informatika aan, met spesialisering in besigheidsanalise, kwantitatiewe risikobestuur en finansiële wiskunde.

## Aktuarisse, datawetenskaplikes en risikobestuurders

Die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika spog met verskeie programme wat beroepsui vir die finansiële dienstesektor lewer, spesifiek versekering en bankwese.



## Rekenaar, en inligting- en stelselspesialiste

In Suid-Afrika en regoor die wêreld is daar 'n groot behoefte aan rekenaarwetenskaplikes en inligtingstegnoloë. Ons programme is daarop gemik om graduandi toe te rus met graadvlak-kundigheid en vaardighede in rekenaarwetenskap en inligtingstelsels, en om hulle voor te berei op die uitdagings van die Vierde Nywerheidsrevolusie.

## Natuurwetenskaplikes

Ons lewer natuurwetenskaplikes soos fisici, chemici en bioloë wat gesog is in onder meer vervaardiging, die mynwese en die farmaseutiese sektor. Sommige graduandi doen navorsing oor toegepaste fisika, waar hulle alternatiewe en skoon energiebronne ondersoek of vervaardigingsprosesse meer koste-effektief maak.

Astrofisici gebruik hul hoëvlak-probleemoplossingsvaardighede om belangrike tegnologiese infrastruktuur en deurbrake te lewer.





## Taalpraktisyns

In meertalige en multikulturele Suid-Afrika is daar 'n groeiende vraag na gekwalifiseerde taalpraktisyns met gespesialiseerde vaardighede in vertaling, teksredigering, tolking, oudiovisuele vertaling en gebaretaal. Met die vooruitgang in tegnologie en die opkoms van die Vierde Nywerheidsrevolusie is taaltegnologie en rekenaaringuistiek ook groeieareas. Bogenoemde is alles vakgebiede waar ons toegewyde voor- en nagraadse aanbiedings het.

Nagraadse studente kan gespesialiseerde navorsingsvaardighede ontwikkel en gevorderde navorsingsmetodes ondersoek, wat korpusontwikkeling en -ontleding, oogvolging en sleuteldrukvaslegging en masjienleer insluit.


## Ingenieurs

Ons bied spesialisering aan wat wissel vanaf chemiese ingenieurswese (onder meer mineraalverwerking) en suiwer meganiese en elektriese ingenieurswese tot 'n hibried van elektromeganiese ingenieurswese. In pas met die Vierde Nywerheidsrevolusie bied ons grade in rekenaar- en elektroniese ingenieurswese, megatroniese ingenieurswese en bedryfsingenieurswese aan.

Alle voorgraadse programme behels industrie- en navorsingsamewerking, wat tot gefokusde nagraadse grade strek.

Deur ons navorsingsentiteite rus ons ingenieurs en navorsers toe om ondersoek in te stel na geïntegreerde energie-oplossings, wat fossielbrandstof, biobrandstof en waterstofenergie insluit.

Ons ontwikkel ook mediese toestelle en kommersialiseringsplatforms, en doen navorsing oor meertalige spraaktegnologie, intelligente stelsels, dinamiese modellering en beheer, telekommunikasie, en vliegtuigontwerp en -vervaardiging.



## Dieregesondheidstegnici

Ons lei dieregesondheidstegnici op, wat 'n baie belangrike rol vervul in die lig van die nypende tekort aan professioneel opgeleide veeartse in Suid-Afrika, en die vraag na tegnici met opleiding in navorsing.

## Farmaseutiese wetenskaplikes

Een van die DWI/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform se funksies is om opleiding te verskaf aan nagraadse studente wat farmaseutiese wetenskappe in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe studeer. Hierdie gehuisveste platform is aanvanklik befonds deur die Departement van Wetenskap en Innovasie.





## Medisynerereguleringspesialiste

Die WGO se Samewerkingsentrum vir die Kwaliteitsversekering van Medisynes ontwikkel voortdurend nuwe kortkursusse om die regulatoriese kapasiteit van internasionale medisynereguleerders uit te bou.

## Beroepshigiëniste

Die BHSc in beroepshigiëne is die enigste vierjarige professionele graad vir beroepshigiëniste in Suid-Afrika. Dit is ook van waarde vir buurlande wie se beroepshigiëneraamwerke grootliks op Suid-Afrika se wetgewing en kundigheid staatmaak.



## Vertolkers van antieke tale

Die NWU is uniek wat betref die aantal antieke tale wat ons aangebied. Kennis van hierdie tale was nog altyd 'n skaars vaardigheid en hoewel antieke tale 'n klein vakgebied is, is daar 'n groot vraag na mense wat antieke dokumente kan vertolk.

## Omgewingsbestuurders

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het omgewingsbestuur gelys as 'n beroep waarvoor daar 'n groot aanvraag bestaan en beskou dit as die 35ste skaarsste vaardigheid in Suid-Afrika.

Ons meestersgraadprogram in omgewingsbestuur, aangebied deur die Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur, verskaf wêreldgehalte nagraadse opleiding en navorsing oor die prestasie van verskillende omgewingsbestuursbenaderings en -instrumente.



## Stads- en streeksbeplanners

Stads- en streeksbeplanning is ook 'n nasionale skaars vaardigheid. Dit is een van vyf voorkeurvaardighede wat geormerk is vir onmiddellike aandag in die Gesamentlike Inisiatief vir die Verwerping van Voorkeurvaardighede se verslag (JIPSA-verslag).

Ons Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe bied 'n BSc in stads- en streeksbeplanning aan. Dié professionele graad is deur die SA Raad vir Stads- en Streeksbeplanners geakkrediteer.



# DIE WÊRELD IS ONS SPEELTONEEL

Deur samewerking met ander universiteite en instansies wêreldwyd is ons deel van die globale hoërondewysgemeenskap.

Ons internasionaliseringsaktiwiteit sluit in uitrustprogramme vir studente en personeel en samewerking in akademiese, navorsings-, kulturele en sportaangeleenthede.

In 2019 het ons 2 396 internasionale studente van meer as 70 lande gehad. Onder hulle was 1 295 nagraadse studente, waaronder 491 doktorsale kandidate.





## Samewerking hier en in die buiteland

Die NWU het verhoudinge met baie universiteite in Suid-Afrika en in die buiteland.  
(Sien wêreldkaart hierbo.)


Ons werk ook saam met verskeie internasionale liggame regoor die wêreld. Hulle is aktief in 'n groot verskeidenheid dissiplines – van medies, gesondheid, teologie en energie tot ekonomie, opvoedkunde, handel en sport.

In Suid-Afrika werk ons saam met plaaslike besighede en rolspelers in industrieë soos farmaseutika, toerisme, mynwese, bankwese en elektrisiteitsverskaffing.

Dan is daar ons betrekkinge met nasionale professionele entiteite en beheerliggame op die vakgebiede van sielkunde, regte, onderwys, gesondheid, toerisme, landbou, rekeningkunde, tesourie, ingenieurswese en kunsmatige intelligensie.

Ons skakel ook met verskeie provinsiale en nasionale regeringsdepartemente, en daar is noue samewerking met plaaslike gemeenskappe, tradisionele owerhede, sportklubs (plaaslik, provinsiaal en nasionaal), sakekamers en plaaslike munisipaliteite.

# ONS MAAK 'N VERSKIL VIR ONS BURE



## 'n Volhoubare impak

Om ons kundigheid met ander te deel, is vervleg met ons kernbesigheid (onderrig-leer en navorsing) en fokus op volhoubaarheid en gemeenskapsimpak.

Sommige van hierdie aktiwiteite skep derdegeldstroominkomste deur kortkursusse, konsultasie of tegnolegioordrag.

Ons gemeenskapsbetrokkenheidsaktiwiteite is dikwels nie daarop gerig om wins te maak nie. Ons personeel en studente pak hierdie aktiwiteite aan om die gemeenskap op te hef deur ontwikkelingsbetrokkenheid, gemeenskapsdiensprojekte, uitreik en vrywilligerwerk.

Hierdie aktiwiteite is interaktief – ons leer dus ook van ons gemeenskappe. Boonop verskaf dit ook geleenthede vir ons studente om in gemeenskappe te werk en te leer.

In 2019 was die NWU by ongeveer 290 gemeenskapsverwante aktiwiteite betrokke. Daarbenewens het die kantoor van die adjunk-vicekanselier vir

gemeenskapsbetrokkenheid in Mahikeng ook 10 uitreikprojekte en twee biblioteekprojekte aangepak. Vir sommige van hierdie projekte was ons alleen verantwoordelik, en in ander gevalle het ons slegs deelgeneem, terwyl ander groepe aan die stuur was.

Ons verbintenis tot plaaslike gemeenskappe is ingebed in ons visie (droom), met die klem op wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek. Ons beskou die drie munisipaliteite waar ons kampusse geleë is as ons primêre gemeenskappe.

Ons studente het bykans 107 studentgedrewe gemeenskapsuitreikaktiwiteite op die drie kampusse onderneem. Daarbenewens was daar ook baie ad hoc-aktiwiteite soos waterinsamelingspogings en ondersteuningstaptogte ten bate van die Kankervereniging van Suid-Afrika.




Deur 'n mini-krieketgeleentheid aan te bied, deel ons ons kundigheid en bied ons kinders uit die gemeenskap die geleentheid om fisieke oefening te geniet terwyl hulle meer oor krieket leer.


## Betrokkenheid by gemeenskappe

Om gemeenskappe op te hef, te ontwikkel en te betrek:

- ▶ verskaf ons opleiding aan voorskoolse versorgers, lede van NRO's, staatsamptenare, eienaars van beginnermaatskappye (met spesifieke fokus op vroulike entrepreneurs) en opkomende boere
- ▶ deel ons ons kundigheid op radioprogramme
- ▶ verskaf ons gratis regsdiens en primêre dieregesondheidsdiens aan mense wat nie kommersiële diens kan bekostig nie
- ▶ bied ons sportklinieke in en om ons kampusse aan



Deur NWU-navorsers se betrokkenheid by die Onderwysers sonder Grense-projek is meer as 3 000 uitvoubare mikroskope aan skole voorsien. Elkeen bestaan uit 'n mikroskooplens wat op 'n kartonbasis gemonteer is. Dit kan maklik deur baie jong leerders inmekaar gesit word en is 'n baie bekostigbare alternatief vir konvensionele mikroskope.



Die Skool vir Wetenskap en Tegnologie-onderwys het hierdie innoverende wiskunde-onderig-leer-stel vir skole ontwikkel. Speletjies, musiek en poppespel word gebruik om wiskunde-onderwys lekkerder te maak.


## Vennootskappe met skole

Ons berei belowende graad 12-leerders voor vir hul matriekeksamen, bied 'n Winterskool en 'n Wetenskapweek aan en skenk MyLab-stelle om te help met natuurwetenskapsperimente.

Verder lei ons onderwysers, kantoorgebaseerde personeel en onderwysleiers op, help om nuwe skoolbiblioteke tot stand te bring of om bestaande biblioteke uit te brei, leer talentvolle jong musici om instrumente te bespeel en help onderwysers om hul sportafrigtingsvaardighede te slyp.

Ons Volhoubaarheid en Gemeenskapsimpakspan het ook verskeie studies vir korporatiewe en burgerlikesamelewingsvennote voltooi wat die impak van hul gemeenskapsgebaseerde intervensies meet.

# HOE GROENER, HOE BETER



Ons verantwoordelikheid teenoor die omgewing en ons veldtogte om ander mense ook van hulle verantwoordelikheid bewus te maak, is vir ons baie belangrik. Ons hou byvoorbeeld elke jaar kompetisies om te kyk watter koshuis die meeste energie bespaar en is tans besig om te bepaal wat ons basislynverbruik van alle noodsaaklike hulpbronne is. Ons pogings om seker te maak dat ons aan alle omgewingswette en -regulasies voldoen, is besig om vrugte af te werp. Die regstellingsproses wat ons van stapel gestuur het nadat ons ons wetlike nakoming geoudit het, is byna afgehandel en baie van ons aktiwiteite voldoen nou aan alle vereistes.

Werkgroepe help ook met die bestuur en vermindering van water- en energieverbruik. 'n Konsepstrategie en -beleid is vir verdere oorlegpleging opgestel.

Tydens Wêreldwye Klimaatveranderingsweek stal ons boeke uit oor klimaatverandering en hou ons kunsuitstallings (met kunswerke van herwonne materiaal) en paneelbesprekings oor die onderwerp in samewerking met die Regs- en Opvoedkundefakulteit en studenteierskap.

**NWU\***

## FLIP THE SWITCH

become part of the **CHANGE**

**5 SIMPLE WAYS TO REDUCE ENERGY CONSUMPTION**

- 1 Switch off lights in unoccupied areas
- 2 Utilize natural light where possible
- 3 Set AC temperature to 23°C
- 4 Unplug unused appliances
- 5 Take shorter showers


SWITCH ON THE **IDEA** OF SWITCHING OFF

FLIP THE SWITCH

MAKE YOUR PURPLE MORE GREEN

Ons Flip the Switch-projek is daarop gemik om bewustheid te skep van energieverbruik en die impak wat dit op die omgewing het. Die koshuis wat die laaste kompetisie gewen het, het sy energieverbruik met 'n verbysterende 26% verminder.

# INNOVASIE VIR DIE TOEKOMS



## Inkomste deur innovasie

### Beskerming en kommersialisering van ons intellektuele eiendom

Daar is tans 40 aktiewe toegestane RSA-gepatenteerde uitvindings in ons intellektuele-eiendom-portefeulje. 'n Verdere 260 aktiewe patente is internasionaal toegestaan en geregistreer – in 59 verskillende lande. Altesaam 741 individuele patentaansoeke is tot dusver geregistreer of ingedien.

Ons Kantoor vir Tegnologieoordrag en Innovasiesteun bestuur ses lisensies namens die NWU. Dit het gedurende 2019 tantieme ter waarde van R811 123 gebring.

### Newemaatskappye



Die NWU stig innoverende klein en mediumgrootte newemaatskappye as deel van ons kommersiële aktiwiteite, die implementering van kundigheid en die kommersialisering van intellektuele eiendom of tegnologie. Ons het 'n belang in 27 aktiewe newemaatskappye.

## Draai elke sent om

Die NWU is 'n finansiële stabiele universiteit wat winsgewend is en 'n groeiende inkomste het.

Totale inkomste in 2019: R5 411 miljoen					
	2015	2016	2017	2018	2019
Totale inkomste	R3 527m	R3 838m	R4 193m	R4 901m	R5 411m
Surplus (herhalende items)	R136m	R229m	R500m	R860m	R906m
Personeelkoste / totale koste	54,7%	54,8%	55,9%	55,2%	54,2%
Selfgegenereerde inkomste	R946m	R990m	R1 038m	R1 166m	R1 190m
% van inkomste vanaf regering	38,8%	40,1%	41,4%	41,0%	39,7%
% van inkomste uit klaggeld	33,2%	32,4%	33,8%	35,1%	34,7%
Kapitaaluitgawes op opgraderingsprojekte	R63m	R53m	R72m	R115m	R119m

# HARTKLOP VAN DIE NWU: ONS FAKULTEITE



Hier is die aantal studente in die agt fakulteite in \*2020:

Fakulteit	Studente	Fakulteitskleur
Opvoedkunde	18 478	
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	10 800	
Ingenieurswese	1 490	
Gesondheidswetenskappe	5 932	
Geesteswetenskappe	5 338	
Regte	2 839	
Natuur- en Landbouwetenskappe	6 046	
Teologie	541	
<b>Totaal</b>		

\*(2020-syfers is nie finaal nie)

# OPVOEDKUNDE

## Gemeenskapsbetrokkenheid

- ▶ Ons bied kort leerprogramme in leierskap en bestuur aan vir skoolbestuurspanne, terwyl nagraadse studente in opvoedkundige sielkunde gespesialiseerde ondersteuningsdienste by 'n openbare skool aanbied.
- ▶ Die “Little African Scientists”-projek help met indiensopleiding van grondslagfase-onderwysers by verskeie skole, en monitor en ondersteun leerders in wiskunde en wetenskap.
- ▶ Die fakulteit samel fondse in om ‘groen’ sanitêre ware aan vroulike studente te verskaf vir die volle duur van hul studies. Die volgende fase van hierdie projek behels vervaardigings- en entrepreneuriese inisiatiewe.

## Entrepreneuriese leer

As deel van onderwyseropleiding bied die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir Onderwys-vakgroep programinhoud met 'n sterk entrepreneuriese grondslag aan. Dit is om finansiële onafhanklikheid te bevorder en by te dra tot ekonomiese groei.

Kortleerprogramme met entrepreneuriese inhoud word ook aangebied as deel van die professionele ontwikkeling en opleiding van huidige opvoeders.

## Navorsingsleerstoel

- ▶ UNESCO-leerstoel oor Multimodale Leer en OOH (Oop Opvoedkundige Hulbronne)

## Uitsonderlike programme

Ons is 'n eenstopfasiliteit vir onderwysersopleiding wat die volle spektrum van onderwysfases en onderwyserbehoefes insluit en voorsiening maak vir kontak- en afstandsl eer.

- ▶ Die fakulteit maak voorsiening vir alle vlakke van skoling en onderwyserontwikkeling. Ons vlagskipaanbod is die BEd, wat die volle spektrum van aanvanklike onderwysersopleiding-programme insluit, naamlik die grondslag-, intermediêre, senior en verdere onderwys en opleiding-fases, asook tegnologie.
- ▶ Nagraadse programme sluit in die Nagraadse Onderwysertifikaat, 'n gevorderde program wat deur kontak- of afstandsl eer onderrig word, en BEdHons-, MEd- en PhD-kwalifikasies.
- ▶ Ons bied ook verskeie voortgesette onderwysprogramme op sertifikaat- en diplomavlak aan, asook die gesogte BEdHons-, MEd- en PhD-programme.

## NWU-navorsingsentiteite

- ▶ Onderwys en Menseregte in Diversiteit (Edu-HRights)
- ▶ Selfgerigte Leer (SGL)
- ▶ Gemeenskapsgebaseerde Opvoedkundige Navorsing (COMBER)
- ▶ Edu-Lead

# EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

## Entrepreneuriese leer

Entrepreneurskap word allerweë beskou as 'n enjin vir ekonomiese ontwikkeling en groei. Universiteite speel 'n noodsaaklike rol deur 'n kultuur van entrepreneurskap onder studente en plaaslike gemeenskappe te bevorder.

- ▶ Die NWU se bhive Ondernemingsontwikkelingsentrum (bhive-OOS) ontwikkel die entrepreneuriese kapasiteit van studente, vroue en plaaslike entiteite. Inisiatiewe sluit in twee studenteverenigings, YEBO en Enactus, die studentebesigheidskompetisies Leopards' Lair en Entrepreneurskap-intervarsity, die Ondernemende Vroue-program en inkubasiesteundienste vir plaaslike entrepreneurs.
- ▶ Entrepreneurskap is geïntegreer in die akademiese program vir BCom Bestuurswetenskappe-studente. Hierdie program, sowel as die BSc IT en BSc Verbruikerswetenskappe-kurrikulum, het ook modules in probleemoplossing vir bestuurders.

## NWU-Besigheidskool

Met die visie "skep strategiese denke-leiers vir more" het die NWU-Besigheidskool programme wat relevant is vir studente sowel as senior bestuurders in die bedryf; vaardigheidsgapings word aangevul terwyl huidige ekonomiese uitdagings die hoof gebied word.

Die Besigheidskool is 'n outonome entiteit binne die fakulteit en is in Mahikeng, Potchefstroom en Vanderbijlpark gesetel. Ons MBA is by die internasionale Vereniging van MBA's geakkrediteer.

Ons bied verskeie aflewingsmodusse in ons vlagskipprogramme aan – die MBA sowel as die Nagraadse Bestuursdiploma – en streef daarna om vir ons studente 'n voorsprong te gee in 'n immer veranderende sakeomgewing.

Deur middel van die Besigheidskool het die bedryf toegang tot gespesialiseerde vaardigheidsontwikkelingsprogramme en sertifikate in bestuursontwikkeling.

## Uitsonderlike programme

- ▶ Ons programme sluit in: vervoerekonomie, logistieke bestuur, forensiese rekeningkunde, internasionale handel, landbou-ekonomie, belasting, bankwese en finansiële risikobestuur, toegepaste risikobestuur, bestuursrekeningkunde, finansiële rekeningkunde, en toerismebestuur.
- ▶ Die kort leerprogram in wildewebestuur lok plaaslike en internasionale deelnemers en ons Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur bied 'n tweejarige deelydse MCom in toegepaste risikobestuur aan.
- ▶ Die program in forensiese rekeningkunde bied die voorbereidende kursusse en raadseksamen aan vir volle lidmaatskap van die Instituut van Kommersiële Forensiese Praktisyne.



## Navorsingsleerstoel

- ▶ Wêreldhandelsorganisasie-leerstoel (WHO)

## NWU-navorsingsentiteite

- ▶ Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing (TREES)
- ▶ WorkWell: Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- ▶ Handel en Ontwikkeling (TRADE)
- ▶ Toegepaste Navorsing in Bestuurskubernetika
- ▶ Globale Innoverende Gefokusde Talent (GIFT)
- ▶ Tegnologieverbeterde Leer en Innoverende Onderwys en Opleiding, Suid-Afrika (TELIT-SA)

## Gemeenskapsbetrokkenheid

- ▶ Personeel van die Skool vir Rekeningkunde stel hul kundigheid aan die openbare sektor beskikbaar deur te dien op die rade van die Generaal De la Rey- en Thusong-hospitaal, deur finansiële opleiding aan te bied aan die Mahikeng plaaslike munisipaliteit en deur vaardigheidsopgradering van rekeningkundeonderwysers by plaaslike skole.
- ▶ Studente bied ekstra rekeningkunde- en wiskunde-klasse by plaaslike skole aan en is ook betrokke by boekingsamelmings- en herwinningsprojekte.
- ▶ Ons organiseer entrepreneursiese programme vir vroue, en die Sentrum vir Ekonomiese Geletterd het 30 mans uit die gemeenskap bygestaan met finansiële bestuur.

**ENTERPRISING WOMEN**

1. Van idee tot konsep
2. Valideer die mark
3. Vestiging van 'n markteenwoordigheid
4. Evaluering van finansiële uitvoerbaarheid
5. Navigeer die omgewing met u sakemodel

### IS U 'n VROULIKE KLEINSAKE-EIENAAR/ASPIRANT-ENTREPRENEUR?

Het u ondersteuning nodig om die huidige uitdagende ekonomiese toestande te verken?

JA!

**DAN KAN HIERDIE PROGRAM U HELP OM GEREED TE WEES VIR 'n NUWE TOEKOMS!**

**ENTERPRISING WOMEN**

**KORTLEER-PROGRAM**  
vir begin-ondernemings:  
Vroulike entrepreneurs

---

OM IN AANMERKING TE KOM VIR DEELNAME AAN DIE PROGRAM, MOET U:

- bereid wees om u te verbind tot 'n multimodale sake-ontwikkelingsprogram met aanlyn-leer- en kontakssessies
- 'n minimum kwalifikasie van matriek en 'n goeie skriftelike begrip van Engels hê
- rekenaarvaardig wees, met toegang tot die Internet, e-pos en WhatsApp

---

**PROGRAMDUUR:**  
6 maande

Die Ondernemende Vroue-kortleerprogram is 'n multimodale sakeontwikkelingsprogram met opleiding deur middel van aanlyn en kontakssessies.


# INGENIEURSWESE

## Entrepreneuriese leer

Ons akademiese benadering is op entrepreneurse denke gebaseer. Verskeie finalejaar- en nagraadse projekte het al suksesvolle ondernemings geword, soos CFAM Technologies, Jonker Sailplanes en Genio Intelligent Roasters.

Vir die besigheidsingenieurswese-module binne bedryfsingenieurswese stel die studente 'n befondsbare sakeplan op, en die ingenieursbestuursmodel het 'n multidisiplinêre en interdissiplinêre benadering wat ingenieursekonomie en stelsel ingenieurswese insluit.

In samewerking met verskillende industrieë en ander universiteite doen ons studente navorsing en ontwikkeling wat relevant is vir die industrie – plaaslik en internasionaal.



## NWU-navorsingsentiteite

- ▶ Sentrum van Uitnemendheid in Koolstofgebaseerde Brandstowwe
- ▶ Eenheid vir Energie en Tegnologiesestelsels
- ▶ Meertalige Spraaktegnologieë (MuST)

## Uitsonderlike programme

- ▶ Ons internasionaal geakkrediteerde BEng-grade het agt verskillende spesialisrigtings.

Dit is chemiese ingenieurswese, chemiese ingenieurswese met mineraalverwerking, rekenaar- en elektroniese ingenieurswese, elektriese en elektroniese ingenieurswese, elektromeganiese ingenieurswese, meganiese ingenieurswese, megatroniese ingenieurswese (vanaf 2021) en bedryfsingenieurswese.

- ▶ Al die ingenieurswese-vakgebiede het uitgebreide nagraadse studiegeleenthede. In elk van hierdie vakgebiede kan studente 'n meestersgraad doen as 'n MEng of 'n MSc in chemiese, rekenaar- en elektroniese, elektriese en elektroniese, meganiese en kerningenieurswese.
- ▶ Ons is een van baie min ingenieursfakulteite wat 'n nagraadse diploma in kernwetenskap en -tegnologie aanbied.

Die Fakulteit Ingenieurswese het die NeuHand ontwikkel, wat 'n goedkoop, geoutomatiseerde megatroniese handrehabilitasiestelsel is.

## Navorsingsleerstoel

- ▶ DWI/NNS-leerstoel in Steenkoolnavorsing (SARChI)
- ▶ DWI/NNS-leerstoel in Biobrandstof en ander skoon alternatiewe brandstowwe (SARChI)
- ▶ DWI/NNS-leerstoel in Kerningenieurswese (SARChI)
- ▶ ESKOM EPPEI-spesialiseringsentrum vir Emissiebeheer

## Gehuisveste entiteite, platforms en institute


- ▶ DWI/HySA Infrastructure-bevoegdheidsentrum vir waterstofproduksie, -opberging, -retikulering en veiligheidskodes en standaarde
- ▶ DHN-sentrum vir Gevorderde Vervaardiging (SVGv)

## Gemeenskapsbetrokkenheid

- ▶ Ons Akademie vir Wetenskap, Ingenieurswese, Tegnologie en Gesondheid (SETH) berei toekomstige ingenieurs voor deur ekstra klasse by 'n hoërskool in Potchefstroom en nog 'n skool in Bethal aan te bied.

Die akademie bied ook 'n program genaamd Xcel aan wat aplikante help om hul Nasionale Seniorertifikaat-uitslae in wiskunde en fisiese wetenskappe te verbeter. By die Opleidingsentrum vir Wiskunde, Wetenskappe en Handel in Mahikeng kry leerders 'n kans om hul matriekuitslae te verbeter.

- ▶ Ons bou ook toestelle en apparate vir personeel en pasiënte by die Beroepsgesondheidsafdeling van die Potchefstroomse Hospitaal, en ontwikkel fasiliteite vir 'n gemeenskapstuinprojek in Orange Farm.
- ▶ Tydens die COVID-19-pandemie het die fakulteit met verskeie industrievennote, kundiges en ander universiteite saamgewerk om produkte te ontwikkel om die gesondheidsorgstelsel en gesondheidswerkers te ondersteun. Ons het ook met die sakesektor en die gemeenskap saamgewerk om voedselnoodverligting binne ons gemeenskappe te verskaf.



# GESONDHEIDSWETENSKAPPE

## Uitsonderlike programme

- ▶ Ons het 'n groot verskeidenheid programme – van farmaseutiese wetenskappe, voeding en beroepshigiëne tot positiewe sielkunde en kinderbeskerming.
- ▶ Ons Magister Pharmaciae in farmasiepraktyk-programme bied gespesialiseerde opleiding aan aptekers in farmakowaaksaamheid en farmako-epidemiologie, farmaseutiese en gesondheidseconomie en -beleid, en farmaseutiese openbaregesondheidsorgbestuur.
- ▶ Ander noemenswaardige programme is:
  - MSc en PhD in farmaseutiese wetenskappe
  - MSc (voeding), MSc (dieetkunde)
  - MHSc, PhD in gesondheidsberoepse-opleiding
  - Meestersgraad en PhD in verbruikerswetenskappe
  - MHSc in transdissiplinêre gesondheidsbevordering
  - PhD in transdissiplinêre gesondheidswetenskappe
  - MHSc in kardiovaskulêre fisiologie
  - Meestersgraad en PhD in verpleegkunde
  - BHSc in beroepshigiëne en biokinetika
  - MA en PhD in positiewe sielkunde
  - MHSc in navorsingsielkunde
  - PhD in fisiologie
  - MSc en PhD in farmaseutiese chemie; farmakologie; en farmaseutika

## Entrepreneuriese leer

- ▶ Verbruikerswetenskappe is ingestel op entrepreneursese vaardighede en gee aan studente praktiese en teoretiese blootstelling aan voedsel, mode, ondernemingsbestuur en bemaking.
- ▶ Social Greenhouse® maak volhoubare gemeenskapsgebaseerde implementering van tegnologie moontlik.
- ▶ DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform-programme is behoeftegebaseerd en funksioneer in die akademie, die bedryf én die regering.

## Navorsingsleerstoel

- ▶ DWT/NNS-navorsingsleerstoel in Vroeë Opsporing en Voorkoming van Kardiovaskulêre Siekte in Afrika (SARChI)
- ▶ DWT/NRF Albertina Sisulu-navorsingsleerstoel in Verpleegkunde (SARChI)

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

- ▶ DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform (PKGOP)
- ▶ Mediese Navorsingsraad Buitemuurse Eenheid vir Hipertensie en Kardiovaskulêre Siekte



## NWU-navorsingsentiteite

- ▶ Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV)
- ▶ Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe (Pharmacen)
- ▶ Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART)
- ▶ Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR)
- ▶ Psigososiale Gemeenskapsnavorsing (Compres)
- ▶ Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek)
- ▶ Kwaliteit in Verpleging en Voedvrouorg (NuMiQ)
- ▶ Leefstylsiektes
- ▶ Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MUSA)
- ▶ Beroepshigiëne en Gesondheidsnavorsingsinisiatief (BHGNI)

## Kommersiële navorsingsentiteit

- ▶ Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste

## Gemeenskapsbetrokkenheid

Ons streef daarna om deur wedersyds voordelige samewerking almal se gesondheid te verbeter:

- ▶ Die NWU/NWDvG COVID-19-taakspanne verskaf geprojekteerde scenario's van COVID-19 aan die staat se gesondheidstelsels. Die AitaHealth-toepassing (vir gemeenskapsgeoriënteerde primêre versorging) maak geteikende huishoudelike toetsing en sifting moontlik.
- ▶ 20 welstandskampvegters van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid het opleiding ontvang.
- ▶ Ikageng-gebaseerde vroue woon oefenklasse by en inwoners van Huis Amelia (n versorgingsentrum vir verstandelik gestremdes) ontwikkel hul motoriese vaardighede.
- ▶ Deur die Phelophepa-trein verskaf sielkunde-, farmasie- en verpleegkundestudente dienste aan gemeenskappe.
- ▶ ImpENSA verbeter vroeë voeding en gesondheid deur die bemagtiging van gesondheidsorgpraktisyns en gemeenskapsgesondheidswerkers. Die Afrika Voeding-leierskapsprogram ontwikkel leierskapskapasiteit in voeding onder praktisyns in Afrika.
- ▶ Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART) ondersteun globale en plaaslike hoëbloeddrukbewusmakings- en -siftingsveldtogte.
- ▶ OHHRI werk saam met die Suider-Afrikaanse Instituut vir Beroepshigiëne en die Nasionale Instituut vir Beroepsgesondheid om die nasionale Departement van Gesondheid met Covid-19-ri glyne vir gesondheidswerkers en toetsfasiliteite te help.

# GEESTESWETENSKAPPE

## Uitsonderlike programme

- ▶ Ons vierjarige BA Grafiese Ontwerp-program is daarop gerig om kreatiewe probleemoplossers op te lewer wat gereed is vir die arbeidsmark.
- ▶ Ons BA in openbare bestuur met munisipale bestuur en leierskap bied aan studente die geleentheid om diens te lewer in plaaslike regering, hetsy as verkose of aangestelde munisipale beampptes. Hierdie program is daarop gemik om die ernstige kapasiteitsbeperkings in ons munisipaliteite te ondervang.
- ▶ Die NWU-Koorakademie (NWUKA) bied 'n kortkursus, Inleiding tot Koördirigering aan. Dit verskaf opleiding aan dirigente en koorsangers wat koördirigering, stemontwikkeling en praktiese toonkunstenaarskap betref.

## NWU-navorsingsentiteite

- ▶ Eenheid vir Taal en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks
- ▶ Instaatstelling van Optimale Uitdrukking van Individuele, Maatskaplike en Institusionele Potensiaal (OPTENTIA)
- ▶ Bevolking en Gesondheid
- ▶ Maatskaplike Transformasie
- ▶ Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET)
- ▶ Inheemse Taalmedia in Afrika (ILMA)
- ▶ Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings (MASARA)
- ▶ Visuele Narratiewe en Kreatiewe Uitsette deur Interdissiplinêre en Praktykgeleide Navorsing (VINCO)

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

- ▶ Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR)



## Gemeenskapsbetrokkenheid

Die fakulteit moedig gemeenskapsbetrokkenheid aan as 'n manier van leer en diens aan die gemeenskap. Die volgende is enkele van die vernaamste navorsingsprojekte:

- ▶ Die Musikhane Community Music Engagement Programme by die Skool vir Musiek skep geleenthede vir leerders en student-onderwysers om betekenisvolle musiekervarings te hê. Die program verken musiekonderrig, personeelontwikkeling en gemeenskapsmusiekdeelname.
- ▶ Byderhand is 'n interdissiplinêre digitale letterkundeprojek van ons vakgroep Skryfkuns.

Dit bied interaktiewe, multisensoriese leeservarings aan gesiggestremde leerders deur middel van digitale toestelle en 'n verskeidenheid media, inhoud en kontekste, waaronder botaniese en digterstuine.

- ▶ Ander Skool vir Musiek-projekte wat die gemeenskap bevoordeel en bydra tot die opvoedkundige vaardighede van ons studente is tromlesse vir leerders met spesiale behoeftes, musiekwaardering deur luisteraktiwiteite en fasilitering van leerervarings by 'n landelike dagsorgsentrum.
- ▶ Die Skool vir Tale is ook deel van 'n aantal plaaslike akademiese geletterdheids- en taaltoetsprojekte waarby hoëronderwysinstellings betrokke is. Dit geskied hoofsaaklik deur ons netwerke en vennootskappe met die Inter-institusionele Sentrum vir Taalontwikkeling en Assessering (ICELDA) en Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR).

## REGTE

### Uitsonderlike programme

Ons fakulteit word hoog aangeskryf vir sy leierskap in groeiende vakgebiede soos omgewingsreg, bestuursreg en internasionale handel, terwyl hulle ook op die voorpunt bly van meer tradisionele vertakkings van die reg soos handelsreg en strafreg.

Ons nagraadse aanbod sluit die volgende in:

- ▶ Doktor in die regte in verskeie dissiplines, soos publiekreg, strafprosesreg, internasionale handel en sakereg, omgewingsreg en handelsreg
- ▶ PhD in regte op die gebied van regte en ontwikkeling
- ▶ Twee LLM-strome (navorsing en gedoseerd) met 19 verskillende programspesialiserings in verskillende terreine van die reg
- ▶ MPhil in omgewingsreg en bestuursreg en 'n professionele LLM in strafprosesreg

### NWU-navorsingsentiteit

- ▶ Navorsingseenheid vir Reg, Geregtigheid en Volhoubaarheid

### Navorsingsleerstoel

- ▶ DWI/NNS-navorsingsleerstoel in Stede, die Reg en Omgewingsvolhoubaarheid

### Gemeenskapsbetrokkenheid

Ons deel ons regs kundigheid op gemeenskapsradioprogramme en deur ons regs klinieke verskaf ons gratis regs dienste aan mense wat nie regs advies kan bekostig nie.

# NATUUR- EN LANDBOUWETENSKAPPE

## Entrepreneuriese leer

Ons het verskillende kwalifikasies wat op entrepreneuriese leer fokus, byvoorbeeld in die vakgebiede van aktuariële wetenskap, bedryfswiskunde en informatika, en besigheidsanalise.

## Uitsonderlike programme

Behalwe ons omvattende reeks voorgraadse programme bied ons ook verskeie meesters- en doktorsgraadprogramme aan. Dit sluit in:

- ▶ MSc in astrofisika en ruimtewetenskap
- ▶ MSc in omgewingswetenskappe met geïntegreerde plaagbestuur
- ▶ PhD in dieregesondheid
- ▶ Baccalaureus- en meestersgraad in inheemse kennisstelsels
- ▶ PhD in wetenskap met rampriskowetenskap
- ▶ BScHons in omgewingswetenskappe

## Gemeenskapsbetrokkenheid

Ons het verskeie projekte wat daarop gemik is om aan die behoeftes van ons gemeenskappe te voldoen.

- ▶ Een van ons projekte bring kennis oor die vermindering van ramprisiko's na plaaslike regerings om dienslewering aan plaaslike gemeenskappe te verbeter.
- ▶ Ons leer ook 'n plaaslike gemeenskap hoe om die klimaatsveranderingbestande supervoedsel amarantgraan te verbou en te bemark, terwyl ons nano-waterfiltrasieaanleg veilige drinkwater aan die dorpie Madibogo verskaf.

- ▶ Ons twee wetenskapsentrums bevorder skoolkinders en die publieke kennis van wetenskap, tegnologie, ingenieurswese, wiskunde en inligtingswetenskappe.
- ▶ Die Nguni-beesprojek bemagtig ontluikende boere om kommersieel georiënteerd te raak, terwyl 'n ander projek help met die ontwikkeling van inheemse terapieë vir beesvoerbedrywe.

## NWU-navorsingsentiteite

- ▶ Sentrum vir Ruimtenavorsing
- ▶ Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika (BWI)
- ▶ Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur (EOWB)
- ▶ Chemiese Hulpbronveredeling (CHV)
- ▶ Menslike Metabolomika
- ▶ Materiaalwetenskapinnovasie en Modelling (MaSIM)
- ▶ Suiwer en Toegepaste Ontleedkunde
- ▶ Voedselsekureit en -veiligheid

## Navorsingsleerstoel

- ▶ DWI/NNS-navorsingsleerstoel in Astrofisika en Ruimtefisika (SARChI)
- ▶ DWI/NNS SA-NAM Bilaterale Navorsingsleerstoel in Astronomie en Astrofisika (SARChI)

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

- ▶ DWI/NNS-sentrum van Uitnemendheid in Inheemse Kennisstelsels (SIKS)
- ▶ Sentrum vir Menslike Metabolomika



# TEOLOGIE

## Uitsonderlike programme

- ▶ Ons BA in antieke tale is een van die min programme in Afrika wat spesialisering aanbied in Grieks, Hebreeus, Aramees en ander tale wat nodig is vir diep ontleding en bestudering van antieke tekste en die Bybel.
- ▶ Ons is een van die min universiteite wat 'n tradisionele klassieke graad aanbied. Ons het ook 'n kursus in antieke kulture en spesialiskursusse in Egipties, Mesopotamies en ander antieke kulture.
- ▶ Die BA in pastorale sielkunde berei studente voor vir loopbane as onderwysers, en in die Christelike bediening, terwyl die BTh in Christelike bediening vir studente is wat die bediening wil betree in die Apostoliese Geloofsending (AGS). Laasgenoemde word deur kontakklasse op die Mahikengkampus en via afstandsl eer aangebied.
- ▶ Die BDiv-kwalifikasie is vir studente wat predikante wil word in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en word deur kontakklasse op die Potchefstroomkampus en via afstandsl eer aangebied.
- ▶ Die gedoseerde MDiv-kwalifikasie fokus op opleiding vir praktiese bediening in kerke binne die gereformeerde tradisie.
- ▶ Ons is ook besig om 'n nagraadse diploma te ontwikkel wat dit vir studente uit ander vakgebiede moontlik sal maak om 'n meestersgraad in teologie te doen.

## Gemeenskapsbetrokkenheid


Ons werk met plaaswerkers, inwoners van korrektiewe fasiliteite en skoolleerders. Die programme is prakties sowel as geestelik van aard.

- ▶ Ons LIFEPLAN®-opleidings- en -toerustingsprogram verskaf opleiding aan plaaswerkers oor temas soos verhoudinge, selfbeeld, finansiële bestuur en burgerskap.
- ▶ Deur die Vaderskapsopleidings- en -toerustingsprogram leer ons die inwoners van Potchefstroom se aanhoudingsfasiliteite vir verhoorafwagendes om meer doeltreffende vaders te wees.
- ▶ Ons het verskeie programme by plaaslike skole om goeie burgerskap aan te moedig, leiding te gee oor studiemetodes, te fokus op die higiëniese welstand van skoolmeisies, en om geletterdheid en akademiese vaardighede te bevorder.
- ▶ Die Skool vir Antieke Tale bied formele taalklasse aan vir laer- en hoërskoolleerders in Potchefstroom aan.

## NWU-navorsingsentiteite

- ▶ Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing
- ▶ Antieke Tekste: Teks, Konteks en Ontvangs

# KENNIS SONDER GRENSE



Ons Eenheid vir Oop Afstandsleer (EOAL) is die tweede-grootste verskaffer van oop afstandsleerprogramme in Suid-Afrika. Die EOAL bestuur die aflewering van akademiese programme van die meeste NWU-fakulteite, met die grootste groep studente wat in onderwysprogramme ingeskryf is.

Verder bied die eenheid die Universiteit-voorbereidingsprogram (UnivPrep) aan ongeveer 550 deelnemers in Suid-Afrika aan.

Oor die jare is bykans 100 000 NWU-kwalifikasies al aan OAL-studente toegeken.

## Hoe doen ons dit?

Ons 86 leerondersteuningsentrums regoor Suid-Afrika en in Namibië is met 200 interaktiewe witborde toegerus. Met hierdie witborde kan studente en dosente tik, teken en mekaar sien en hoor.

Die moderne ateljees maak nasionale en internasionale uitsendings moontlik vanaf die EOAL-gebou op die kampus in Potchefstroom. Die kontakssessies word opgeneem en op die web gelaai sodat die studente later weer toegang tot die lesse kan kry.


Die eenheid het 114 eksamensentrums regoor Suid-Afrika en Namibië en hanteer tienduisende eksamenskrifte tydens elke eksamensessie.

Tydens die COVID-19-pandemie het die EOAL gebeurlikheidsplanne gemaak om die uitwerking van die inperking op akademiese programaflewering te versag. In samewerking met fakulteite is alternatiewe assesseringsmetodes (asook maniere om werksopdragte in te dien) ontwikkel en geïmplementeer.

## Ons groeiende voetspoor

Die meeste van die provinsiale onderwysdepartemente het reeds ooreenkomste met die NWU aangegaan om ongekwalifiseerde en ondergekwalfiseerde onderwysers se kwalifikasies en vaardighede te verbeter.

# ONS LEWER GOED AFGERONDE STUDENTE



Die NWU is 'n plek waar studente nie net akademiese uitnemendheid bereik nie, maar ook vrye teuels gee aan hul verbeelding, hul drome visualiseer en hul toekomstige sukses kan begin ontwikkel. Die kampuslewe is gemik op holistiese groei en ontwikkeling, soos duidelik blyk uit die groot verskeidenheid kulturele, sport-, voorligtings- en welstandsaktiwiteite waaraan studente aangemoedig word om deel te neem.

## Studenteprofiel


Diversiteit is die onderskeidende eienskap van die NWU se studenteprofiel. Dit gee aan ons studente 'n mededingende voordeel, want hulle verbeter hul vermoë om te kommunikeer en interaksie te hê.

**In \*2020 het die NWU se studenteprofiel soos volg daar uitgesien (soos op 1 Mei):**

	2015	2016	2017	2018	2019	2020
Totale studente-inskrywings	64 070	69 736	62 558	61 212	63 671	57 009
Kontak	37 943	39 064	41 765	43 418	44 647	43 897
Afstand	26 127	30 672	20 793	17 794	19 024	13 112


\*(2020-syfers is nie finaal nie)

## Rassesamestelling



\*(2020-syfers is nie finaal nie)

## Geslagsamestelling



\*(2020-syfers is nie finaal nie)

## Voorgraads vs nagraads

Alhoewel die meerderheid studente voorgraadse studente was, het die NWU ook 'n beduidende aantal nagraadse studente in \*2020 gehad:

**2 366** | meesters-  
graadstudente

**1 050** | doktors-  
graadstudente

*\*(2020-syfers is nie finaal nie)*

## Studie-opsies

Hier is sommige van die studiekeuses van studente in \*2020:

Hoofstudierigting	Kontak	Afstand
Wetenskap, ingenieurswese en tegnologie	12 124	182
Besigheid en bestuur	11 662	200
Opvoedkunde	8 100	12 228
Geestes- en sosiale wetenskappe	12 010	502

## Akademiese sukses: so help ons

Ons bied verskeie programme aan om studente akademie by te staan:

- ▶ Alle eerstejaarstudente doen akademiese geletterheids- en vaardigheidstoetse om te bepaal of hulle sal baat by die addisionele akademiese geletterheidsmodules wat aangebied word.
- ▶ Ander akademiese ondersteuning sluit in ewekniementorskap, tutoriale, leeslaboratoriums en skryfsentrums.
- ▶ Ons bied ook Aanvullende Onderrig (AO) aan, wat 'n internasionaal erkende akademiese ondersteuningstelsel vir studente is.
- ▶ Die Universiteit-voorbereidingsprogram (UnivPrep) is 'n oorbruggingsprogram vir studente wat andersins nie vir universiteitstoelating sou kwalifiseer nie.
- ▶ Ons bied opknappingsprogramme in wiskunde aan vir eerstejaarstudente wat geregistreer is vir programme wat modules in wiskunde insluit.
- ▶ Ons uitgebreide programme maak dit vir studente moontlik om hul studies oor 'n langer tydperk te voltooi.

## Só sien ons om na ons studente

Ons kampusgesondheidsentrums en studenteberading en -ontwikkeling-eenhede bied gratis mediese dienste aan studente.

Behalwe vir bewusmakingsveldtogte oor kwessies soos MIV en Vigs, geslagsgebaseerde geweld en LGBTQIA+-regte bied ons ook verskeie voorligtings- en maatskaplike dienste aan ons studente – ons volg dus 'n holistiese en multidisiplinêre benadering.

## Oos, wes, tuis bes

Ons verskaf 11 031 beddens, wat deur Inwoning en Voedseldienste bestuur word. Dit sluit beddens in wat deur die NWU besit word en ander wat by private verskaffers gehuur word (en as deel van die Universiteit se formele koshuise bedryf word).

Die aantal studente wat in geakkrediteerde behuising bly wat deur privaat verhuurders verskaf word, word geskat op 'n bykomende 3 500, terwyl nog heelwat meer studente in privaat, niegeakkrediteerde fasiliteite bly.

Daar is 38 NWU-koshuise op die drie kampusse, plus een niekampuskoshuis in Vanderbijlpark, waar ons ook 'n bykomende vier koshuise in die dorp huur.

'n Opwindende nuwe koshuisontwikkeling is deur die NWU-Raad goedgekeur en sal 1 728 nuwe beddens op die Mahikengkampus byvoeg. Daar is reeds gereël vir befondsing vir hierdie ontwikkeling en finale goedkeuring deur die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding word tans afgewag.



In die volgende 10 jaar wil ons minstens 50% van ons kontakstudente en 75% van ons eerstejaarstudente in koshuise huisves.

## Reik 'n helpende hand

Ons moedig ons studente aan om deur vrywilligersdiens 'n bydrae tot die samelewing te maak.

Sedert 2001 is ons Potchefstroomkampus die tuiste van die grootste geregistreerde studentegedrewe welsynsorganisasie (die Studentejoolgemeenskapsdiens) ter wêreld.

Die SJGD is tans by 80 projekte in en om die Potchefstroom-area betrokke, met meer as 4 000 studente wat weekliks aan gemeenskapsprojekte deelneem.

Deur middel van fondsinsamelingsprojekte in 2019 en 2020 het ons studente 'n totaal van 31 ton klere en 7,5 ton meliemeel en blikkieskos bymekaargemaak vir verspreiding in die gemeenskap.


Die SJGD het ook 'n groot bydrae gemaak tot die JB Marks-rampverligtingsprojek, en op dié manier 500 gesinne gehelp wat van hierdie projek afhanklik is.

Die kampusse hou ook fondsinsamelingsgeleenthede soos gholf- en jazz-dae en fietswedrenne om te verseker dat behoeftige studente daaglik twee gebalanseerde maaltye ontvang. Studente doen ook vrywillige gemeenskapsdiens by plaaslike kinderhuise, skuilings vir haweloses, ouetehuse en organisasies wat met diere werk, soos die DBV of PAWS.



Nagenoeg 1 400 leerders van 24 skole in die Dr Kenneth Kaunda-distrik het die Wetenskapweek-ekspo op die Potchefstroom-kampus bygewoon. Leerders het ook deelgeneem aan aktiwiteite soos die meet van reënval en besprekings oor klimaatsverandering.

# GEE DIE VERBEELDING EN VOETE VLERKE



Ons studente het talle geleenthede om hul talente te ontwikkel deur aan sport, die kunste, kulturele en ander buitemuurse aktiwiteite deel te neem

## Kultuur in die kollig

Kultuuraktiwiteite sluit in debat, drama, dans en kultuurverenigings, orkeste, eerstejaarkonserte, musiekblyspele, talentkompetisies, kore, sanggroepe, kunsfeeste, uitstallings en kompetisies, kampusradiostasies en studentekoerante.

## Op julle merke, gereed ...

Op al drie kampusse het studente die geleentheid om op verskillende vlakke aan sport deel te neem – van beginners tot die hoogste vlak van mededingende sport.

Wanneer ons sportspanne die universiteit verteenwoordig, neem hulle onder die vaandel van die NWU Arende deel.

Die NWU kan, op grond van prestasies op die sportveld, daarop aanspraak maak dat dit een van die top-sportuniversiteite in Suid-Afrika is. Ons spog met die volgende:



## Ons het ook talle kleiner sportkodes en -aktiwiteite:

Fietsry / karate / sagtebal / muurbal / rotsklim / tafeltennis / mededingende skaak / liggaamsbou / boks / netbal / dans / sewesrugby / aërobiese oefeninge / jujitsu / watersport (roei en kanovaart) / marathon / basketbal / "tent pegging"

## Ons is die kampioene

NWU-sportspanne en individue het uitstaande prestasies opgelewer in die Universiteitsport Suid-Afrika-kampioenskappe (USSA) en die Varsity Sport-kompetisie.

Hier is 'n paar van die USSA-hoogtepunte:



### KARATE EERSTE

Algehele wenners vir  
20 jaar in 'n ry



### GIMNASTIEK EERSTE

Algehele wenners vir  
drie jaar in 'n ry



Boks, pluimbal  
(NWU A-span),  
netbal, landloop



Manssokker, en  
vrouebasketbal,  
hokkie en swem



Liggaamsbou, muurbal  
(NWU A-span),  
swem (NWU-klub) en  
vrouesokker

## Top-oefenbestemming

Elite-sportmanne en -vroue maak gebruik van die eersteklas-fasiliteite by die NWU-Hoëprestasie-instituut vir Sport (HPI). Dit het een van die bes toegeruste sportgimnasiums in Afrika en bied 'n volledige reeks sportafrigting-, geneeskundige, navorsings-, voedings- en sportsielkundige dienste.

Die Instituut vir Sportwetenskap en -ontwikkeling lewer wetenskaplike ondersteuningsdienste aan nasionale en provinsiale sportfederasies, die Noordwes-Akademie vir Sport en verskeie sportkodes op ons kampusse.

'n Moderne "sportdorp" op die NWU se Potchefstroomkampus bied akkommodasie aan nasionale en internasionale sportspanne wat by die universiteit oefen.



## Op die wêreldkaart

'n Aantal NWU-studente druk hul stempel af op die gebied van internasionale studentesport.

Vier van ons sokkerspelers was deel van die SA studentespan wat in 2019 in Napels, Italië, aan die 30ste Wêreldstudentespele deelgeneem het. Hulle is Tebogo Galane, Mduduzi Sithole, Kavendree Makhene en Siyabulela Mosiea.

Deidré Jordaan en Ruan Snyman het Suid-Afrika verteenwoordig by die Afrika-pluimbalkkampioenskap wat in Februarie in Kaïro, Egipte, gehou is, en het 'n bronsmedalje vir die manspan verower.

Vier studente was lede van die Suid-Afrikaanse span by die Wêreld Morganti Ju-Jitsu-kampioenskap in 2019. Elvis Moyo het twee goue medaljes gewen en is aangewys as die beste gevegskunstenaar, terwyl Lincoln Rakgoale en Moses Radebe elk twee goue medaljes ingepalm het, en Sean Motshabi een goue medalje huis toe gebring het.

David Tshose het Suid-Afrika verteenwoordig in die Junior Wêreld Liggaamsboukampioenskap en die Afrika-kampioenskap.

Reino von Wielligh en Nadia Blaauw was deel van Swem SA se Oopwaterspan by die LEN-beker 10 km-item wat in Junie 2019 in Barcelona, Spanje, gehou is.

Nadia het Suid-Afrika ook by die 2019 LEN Oopwater-beker-reeks in Barcelona verteenwoordig. Sy was die eerste Suid-Afrikaner oor die wenstreep.

Chederick van Wyk het aan die Wêreldaflosspele deelgeneem in Yokohoma, Japan. Hy was deel van die 4 x 200 m-aflosspan wat 'n silwermedalje gewen het en ook 'n nuwe SA rekord opgestel het. Chederick en Rantso Mokopane is ook gekies vir die ASA-span om Suid-Afrika in Oktober 2019 by die IAAF-wêreldkampioenskap in Doha, Katar, te verteenwoordig.

Pieter van den Berg is aangewys as hoofafrigter van die Wêrelduniversiteite-7's-span wat in Junie en Julie 2019 in Milaan, Italië, aan die Wêreldstudentespele deelgeneem het. Longelo Goza en Eugene Hare is in die Wêrelduniversiteite-7's-span ingesluit.

Die NWU-Atletiekklub het in Augustus 2019 uitstekend presteer by die Afrikaspele in Rabat, Marokko. Mpho Links (hoogspring) het sy eerste goue medalje verower terwyl Jo-Ané van Dyk (spiesgooi) haar tweede Afrikaspele-silwermedalje ingepalm het deurdat sy die Olimpiese silwermedaljewenner Sunette Viljoen vir die eerste keer in haar loopbaan die loef afgesteek het.

Anika du Plessis het Suid-Afrika in Augustus 2019 verteenwoordig by die Wêreld Junior Skaakkampioenskap in Nieu-Delhi, Indië.

Chanté du Toit het in September 2019 meegeding by die "FIG World Challenge Cup" (gimnastiek) in die individuele afdeling in Kazan, Rusland.

### Varsitybeker-kompetisie (2019):





# NAVRAE EN KONTAKBESONDERHEDE

## Jean Stidworthy

Waarnemende Direkteur: Bemaking en Studentewerwing

Tel: +27 18 299 2378

E-pos: jean.stidworthy@nwu.ac.za

## Louis Jacobs

Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie

Tel: +27 18 299 4918

E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za

## Warren Makgowe

Direkteur: Belanghebbverhoudinge

Tel: +27 16 910 3185

E-pos: warren.makgowe@nwu.ac.za

## Erkennings:

### Samestelling:

Korporatiewe Kommunikasie, NWU

### Ontwerp, uitleg en drukwerk

AFRICAN SUN MeDIA

[www.africansunmedia.co.za](http://www.africansunmedia.co.za)


[info@africansunmedia.co.za](mailto:info@africansunmedia.co.za)

### Fotografie

NWU-diensverskaffers en -kollegas



DIT BEGIN ALLES HIER®



 NWU®